Sondag

22 April 2018 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 188

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: Pasop, oppas en op te pas

Skriflesing: Johannes 10:11-18

"Be a lamp, or a lifeboat, or a ladder. Help someone's soul heal. Walk out of your house like a shepherd."
— Rumi

Broodjies vir die pad

"On the seventh day God rested
in the darkness of the tomb;
Having finished on the sixth day
all his work of joy and doom.

Now the Word had fallen silent,
and the water had run dry,
The bread had all been scattered,
and the light had left the sky.

The flock had lost its shepherd,
and the seed was sadly sown,
The courtiers had betrayed their king,
and nailed him to his throne.

O Sabbath rest by Calvary,
O calm of tomb below,
Where the grave-clothes and the spices
cradle him we do not know!

Rest you well, beloved Jesus,
Caesar's Lord and Israel's King,
In the brooding of the Spirit,
in the darkness of the spring."
— N.T. Wright, The Challenge of Jesus: Rediscovering Who Jesus Was and Is

N. T. Wright is the former Bishop of Durham in the Church of England (2003-2010) and one of the world's leading Bible scholars. He is now serving as the chair of New Testament and Early Christianity at the School of Divinity at the University of St. Andrews. He has been featured on ABC News, Dateline NBC, The Colbert Report, and Fresh Air, and he has taught New Testament studies at Cambridge, McGill, and Oxford universities. Wright is the award-winning author of Surprised by Hope, Simply Christian, The Last Word, The Challenge of Jesus, The Meaning of Jesus (coauthored with Marcus Borg), as well as the much heralded series Christian Origins and the Question of God.

https://www.goodreads.com/author/show/38932.N_T_Wright

Stadige dood

'n Mens wat 'n slaaf van gewoonte geword het,
wat elke dag dieselfde pad stap,
nooit die pas versnel of iets nuuts waag nie,
nie 'n eie mening het of dinge ten volle ervaar nie …
hy sterf 'n stadige dood.

Hy wat geesdrif vermy, alles swart op wit wil hê,
gevoelens wat die oë laat glinster en die hart laat bons, versmaai, nie kan lag oor menslike foute nie …
hy sterf stadig.

Hy … of sy …
wat nie van 'n probleem 'n uitdaging kan maak nie,
halfpad tou opgooi, nie vrae vra om meer te weet nie,
nooit die sekerheid vir die onsekere verruil om 'n droom te volg nie …
hy sterf stadig.

Hy wat nie reis nie, nie lees nie, nie luister nie,
wie se arbeid nie sy hart verbly nie,
wat nie vrede het of goedheid in homself vind nie …
hy sterf stadig.

Hy wat sy eie vertroue vernietig, nie hulp kan aanvaar nie,
oor alles pieker en kla, die reën wat nie ophou of die son wat nie skyn nie …
hy sterf stadig.

Om waarlik te leef, is veel meer as asemhaal …
dis om vurig en hartstogtelik mens te wees.

Pablo Neruda: Die Slowly – Selected Poems
Afrikaanse verwerking: Marie de Kock

"The human being is not the lord of beings, but the shepherd of Being."
— Martin Heidegger

Steyn-beeld: Só kan versoen word

Hermie van Zyl

Wat moet ons dink van die spesiale taakspan van die Universiteit van die Vrystaat se voorstel om die standbeeld van pres. Steyn op die kampus te bedek?

Volgens die taakspan sal dit in die interim, totdat ’n finale besluit geneem is oor die toekoms van die standbeeld, die erns en dringendheid van die hele hersieningsproses rakende simbole, name en ruimtes op die kampus, simboliseer. Want uiteindelik gaan dit oor hoe sosiale inklusiwiteit in ’n diverse gemeenskap bewerkstellig kan word.

My eerste reaksie was dié van ongeloof. Wat ’n onbekookte en onsensitiewe voorstel. Hoe kan intelligente mense in ’n tyd van soveel kruiskulturele spanning dink dat die toedraai van ’n belangrike simbool vir een kulturele groep inklusiwiteit gaan bevorder?

Presies die teenoorgestelde word bewerk. Want daarmee word eintlik gesê: Al wat wit en Afrikaans is, is aanstootlik. Ons kan julle nie voor ons oë verdra nie; bedek julleself. Die taakspan kon netsowel voorgestel het dat alle wit personeel en studente in die toekoms hulself onsigbaar moet maak.

Dít is dan die voorwaarde vir insluiting van en versoening tussen die verskillende kulture.

Dis egter nie hoe ek versoening verstaan nie. Versoening beteken nie dat die een groep die ander moet verneder en laat boet vir die onregte van die verlede nie. Ons kan ongelukkig nie die geskiedenis met sy onreg ongedaan maak nie, maar ons kan saam aan ’n nuwe toekoms werk waar wedersydse aanvaarding en respek teenwoordig is. Ek is in my hart oortuig dat daar genoeg mense van alle kulture in hierdie land is wat so ’n gesindheid openbaar. Ek sien en beleef dit daagliks. Anders was ons al lankal waar Sirië vandag is, ’n land uitmekaar geskeur deur haat en weerwraak.

Versoening beteken dat ons mekaar met nuwe oë sal aankyk, maak nie saak wat die geskiedenis dikteer nie.

Efesiërs 2 praat van die verskriklike verlede wat Jood en nie-Jood soos ’n muur van skeiding en vyandskap uitmekaar gehou het. Die Jode het die nie-Jode uitgekryt as “onbesnedenes” – buitestanders, mense wat nie deel het aan die lewende God nie. En die nie-Jode het die Jode “barbare” genoem – onbeskaafdes. Maar deur die kruis van Christus is daar ’n einde gemaak aan hierdie vyandskap en is hulle as gelykwaardige vennote tot een liggaam verenig. Die vooroordele, wantroue en skeltaal kan nou agtergelaat word. Uitsluiting moet plek maak vir insluiting; vyandskap vir versoening.

Natuurlik word hier gepraat van die kerk, die gelowiges in Christus – mense van verskillende kulture en agtergronde wat nou in Christus tot een nuwe mensheid verenig is. Dit beteken nie dat iets hiervan nie in die breë samelewing ’n werklikheid kan word nie. Die kerk leef immers nie in ’n lugborrel los van die gemeenskap nie.

Trouens, die kerk is eintlik bloot die uitgestelde werklikheid van die wêreld. Wat in die kerk reeds waar, moontlik en realiseerbaar is – weliswaar voorlopig en onvolmaak – is waarheen God met almal op weg is. Wat in die kerk gebeur, is wat God wil hê orals moet gebeur.

Maar die voorwaardes waarvolgens dit moontlik is, is dieselfde as in die kerk. Versoening is onmoontlik as mense voortgaan met hulle ou sieninge en optredes, waar groepe mekaar wantrou, kwets en voortdurend probeer benadeel. Alle groepe moet voel dat hulle besondere menswees en verledes aanvaar en gerespekteer word.

Dis moeilik, maar moontlik, as ’n gees van versoening waarlik vaardig is.

Ek hoop van harte dat die Steyn-sage ’n beter afloop sal hê as waarmee dit ingelui is.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/steyn-beeld-so-kan-versoen-word-20180416

“The Christian, however, must bear the burden of a brother. He must suffer and endure the brother. It is only when he is a burden that another person is really a brother and not merely an object to be manipulated. The burden of men was so heavy for God Himself that He had to endure the Cross. God verily bore the burden of men in the body of Jesus Christ. But He bore them as a mother carries her child, as a shepherd enfolds the lost lamb that has been found. God took men upon Himself and they weighted Him to the ground, but God remained with them and they with God. In bearing with men God maintained fellowship with them. It was the law of Christ that was fulfilled in the Cross. And Christians must share in this law.”
— Dietrich Bonhoeffer, Life Together: The Classic Exploration of Christian Community

---

Brood vir die pad

Opstandingsgeloof nie ’n goedkoop triomf oor ons pyn

Tussen 1512 en 1516 skilder die Duitser Matthias Grünewald ’n aantal altaarpanele vir die St. Antonius-klooster in Isenheim, naby Colmar in Frankryk. Die monnike van dié klooster was bekend vir hul versorging van mense wat aan die pes en velsiektes gely het.

Die hoofpaneel beeld Jesus aan die kruis uit, met sy liggaam vol sere en wonde, waarskynlik soortgelyk aan die merktekens op die liggame van die lydendes wat die hospitaalkapel besoek het.

Een van die ander panele verbeeld ’n verheerlikte Christus wat uit die graf verrys met hande omhoog in ’n seëngebaar. Wat opval in die uitbeelding van hierdie Christus-figuur is dat die kruiswonde nie ná die opstanding verdwyn het nie, maar steeds duidelik sigbaar is.

In haar boek Resurrecting Wounds: Living in the Afterlife of Trauma herbesoek die Amerikaanse teoloog Shelly Rambo die Johannes-evangelie se beskrywing van Tomas wat nie wou glo dat Jesus aan die dissipels ná sy kruisiging verskyn het nie.

Sy is veral geïnteresseerd in die feit dat Jesus vir Tomas sê: “Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy” (Johannes 20:27). Volgens haar verreken baie interpretasies van hierdie teksgedeelte nie genoegsaam die feit dat Jesus die dissipels uitnooi om sy wonde raak te sien en aan te raak nie.

Hierdie uitnodiging is nie van terloopse betekenis nie. Dit is meer as ’n blote strategie om vir Tomas van ongeloof na geloof te beweeg.

Rambo verwys ook na die feit dat daar in studies oor trauma – die woord beteken “wond” in Grieks – dikwels beklemtoon word dat trauma nie ’n voorspelbare tydlyn volg nie. Met tyd kom nie noodwendig volledige genesing nie.

Nee, trauma is voortslepend; dit het ’n ná-lewe. Die pyn is dikwels diep onder die oppervlak versteek, en ou wonde kan maklik weer oopbars. En dan is daar opnuut woede, verwarring, vrees en onsekerheid. Dit is waar van persoonlike én kollektiewe trauma. Daarom is “wond-werk” nodig.

Volgens Rambo kan ’n sterker fokus op die wonde van die opgestane Jesus juis vir verwondes en getraumatiseerde gemeenskappe herinner dat die opstandingsgeloof nie ’n goedkoop triomf oor ons pyn en die magte van die dood bied nie.

Dalk het Grünewald ook iets soortgelyks aangevoel. ’n Uitbeelding van ’n opgestane Christus sonder wonde kan nie vir mense met wonde aan hul liggame op dieselfde manier hoop bied as ’n uitbeelding van ’n Christus wat met gewonde hande die seën oor hulle uitspreek nie. – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/opstandingsgeloof-nie-n-goedkoop-triomf-oor-ons-pyn-20180413

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877